

Historiese Publikasies Suider-Afrika
(voorheen die Van Riebeeck Vereniging)

GRONDWET

1. Naam en Doelstellings

- 1.1. Die Vereniging wat hiermee saamgestel word, sal Historiese Publikasies Suider-Afrika genoem word.
- 1.2. Die verkorte naam daarvan sal HiPSA wees, hierna verwys as die Vereniging.
- 1.3. Die Vereniging sal 'n liggaam met regspersoonlikheid wees en sal:
 - (a) in sy eie reg, afsonderlik van sy lede, bestaan;
 - (b) bly bestaan selfs wanneer sy ledetal verander en daar verskillende ampsdraers is;
 - (c) eiendom en ander besittings kan besit;
 - (d) in staat wees om in sy eie naam te dagvaar of gedagvaar te word;
 - (e) sonder winsmotief opereer en enige winste wat uit die bogenoemde aktiwiteite gemaak word, sal aangewend word vir die bevordering van sy doelstellings.
- 1.4. Die doelstellings van die Vereniging is:
 - (a) om seldsame en waardevolle boeke, pamflette en dokumente betreffende die geskiedenis van Suider-Afrika te druk, of te herdruk, ter verspreiding onder die lede en vir verkoop aan die publiek;
 - (b) om navorsing oor die geskiedenis van Suider-Afrika in sy geheel en die beskikbaarstelling en verspreiding van die resultate van sulke navorsing te bevorder;
 - (c) om kontak en uitwisseling van kennis en inligting met diegene binne en buite universiteite geïnteresseerd in die verlede van Suider-Afrika te bevorder met die oog op die publikasie en verspreiding van die resultate van geskiedkundige navorsing.
- 1.5. Die aktiwiteite van die Vereniging, wat uit sy finansiële hulpbronne gefinansier word, sal die volgende insluit:
 - (a) die gereelde publikasie van seldsame en waardevolle boeke, pamflette en dokumente betreffende die geskiedenis van Suider-Afrika;

(b) die periodieke publikasie van 'n nuusbrief.

2. Inkomste en Lidmaatskap

2.1. Die Vereniging sal sy inkomste verkry uit:

(a) die jaarlikse intekengeld wat deur lede betaal moet word en sodanige intekengeld sal op 1 Januarie van elke jaar betaalbaar wees;

(b) skenkings van lede, organisasies of die algemene publiek vir die bevordering van sy doelstellings. Die Vereniging sal egter nie enige skenking aanvaar wat herroepbaar is deur die skenker nie, behalwe vir 'n materiële versuim om te voldoen aan die gestelde doelstellings en voorwaardes van die skenking, insluitende enige wanvoorstelling met betrekking tot die aftrekbaarheid daarvan vir belastingdoeleindes in terme van artikel 18A van die Wet op Inkomstebelasting, Wet 58 van 1962, soos gewysig, en enige ooreenstemmende bepaling in 'n wet wat genoemde artikel vervang.

2.2. Lidmaatskap van die Vereniging, deur 'n natuurlike persoon, organisasie of instelling word verkry deur aansoek by die Raad – waarvoor daar voorsiening gemaak word in klousule 4 - en na goedkeuring daarvan, deur die betaling van die jaarlikse intekengeld soos deur die Raad bepaal.

2.3. In die geval waar 'n lid van die Vereniging 'n organisasie of 'n instelling is, wat hierna 'n institusionele lid genoem sal word, kan een natuurlike persoon genomineer word om die institusionele lid by vergaderings van die Vereniging te verteenwoordig.

2.4. 'n Lid, of die benoemde persoon van 'n institusionele lid, sal slegs as gekwalifiseerd beskou word om by enige vergadering te stem indien die lid of die institusionele lid hul intekengeld vir die huidige kalenderjaar betaal het, en hierna sal na so 'n persoon as 'n gekwalifiseerde lid van die Vereniging verwys word.

2.5. Die Raad, sal by die eerste vergadering na die Algemene Jaarvergadering die jaarlikse intekengeld vir die volgende kalenderjaar bepaal.

2.6. Die Vereniging sal deeglike rekords hou van al die eiendom wat dit besit.

2.7. Lede, ampsdraers of werknemers van die Vereniging het geen aanspraak op goedere wat aan die Vereniging behoort nie.

3. Algemene Jaarvergadering

- 3.1. Vergaderings van die Vereniging, hetsy 'n Algemene Vergadering of enige ander vergadering, kan óf in persoon óf as 'n virtuele vergadering gehou word, met behulp van die toepaslike tegnologie.
- 3.2. 'n Algemene Jaarvergadering (AJV) van die lede van die Vereniging sal deur die Raad byeengeroep word en, waar moontlik, ten minste een keer in elke kalenderjaar teen die einde van die Vereniging se finansiële jaar gehou word. Daarbenewens kan 'n Spesiale Algemene Vergadering met kennisgewing deur die Raad of met skriftelike opdrag van ten minste 25 lede te eniger tyd gedurende die jaar byeengeroep word. Kennisgewing van sodanige vergaderings moet minstens twee weke voor die dag van die vergadering aan lede gestuur word.
- 3.3. Minstens 25 gekwalifiseerde lede van die Vereniging sal 'n kworum by 'n AJV vorm, waarvan ten minste ses persone teenwoordig lede van die Raad moet wees, waarvoor voorsiening gemaak word in klousule 7. Slegs gekwalifiseerde lede, soos omskryf in klousule 2.4, sal stemreg hê.
- 3.4. Stemming sal by die vergaderings deur die opsteek van hande geskied, tensy 'n stemming per geslote stembrief vooraf versoek word. Die Voorsitter het die beslissende stem. Alle besluite wat by die vergadering geneem word deur 'n gewone meerderheid van die aanwesiges sal bindend wees vir die sake van die Vereniging, met die uitsondering van besluite beskryf in klousule 3.7 hieronder.
- 3.5. By die AJV behoort die Vereniging, onder andere, die volgende sake te hanteer:
 - (a) instem tot die items wat op die agenda bespreek moet word;
 - (b) kennis neem van wie teenwoordig is en wie verskonings gestuur het omdat hulle die AJV nie kan bywoon nie;
 - (c) die vorige vergadering se notule lees en goedkeur met sake wat daaruit voortvloei;
 - (d) die Voorsitter se verslag lees en goedkeur;
 - (e) die Tesourier se verslag lees en goedkeur;
 - (f) lede tot die Raad, soos hierna na verwys, verkies indien en wanneer sodanige verkiesing plaasvind soos beskryf in klousule 4.1;
 - (g) ander relevante sake wat nie op die agenda is nie.

- 3.6. Elke gekwalifiseerde lid van die Vereniging, wat die vereiste intekengeld betaal het, sal geregtig wees om 'n eksemplaar van elke werk te ontvang wat deur die Vereniging uitgegee is gedurende die tydperk waarvoor ingeteken is en sal geregtig wees om by die Algemene Jaarvergadering te stem.
 - 3.7. Hierdie grondwet kan gewysig word, slegs na oorweging deur die Raad, gevolg deur 'n besluit wat aangeneem is deur nie minder as twee derdes van die lede teenwoordig nie, deur te stem oor so 'n mosie by 'n AJV of 'n Spesiale Algemene Vergadering van die Vereniging. 'n Skriftelike kennisgewing moet aan lede gestuur word nie minder nie as 14 dae voor so 'n vergadering moet plaasvind. Die kennisgewing moet die voorgestelde veranderinge aan die grondwet aandui wat by die vergadering bespreek sal word. Die vereiste kworum vir lede wat by so 'n vergadering teenwoordig moet wees, sal nagekom word.
 - 3.8. Die Raad, waarvoor hierna voorsiening gemaak word, sal 'n afskrif van enige wysiging wat ingevolge klousule 3.7 aangeneem is, aan die Kommissaris vir die Suid-Afrikaanse Inkomstediens sowel as die Direkteur: Niewinsgewende Organisasies in die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, voorlê.
 - 3.9. Die Vereniging kan sy bestaan beëindig en ontbind indien minstens twee derdes van die lede wat teenwoordig is by 'n AJV of 'n Spesiale Algemene Vergadering wat belê is met die doel om so 'n saak te oorweeg, ten gunste van sluiting stem. In die geval van likwidasië of ontbinding van die Vereniging, en nadat dit al sy skuld betaal het, mag enige oorblywende bates nie aan lede of ampsdraers van die Vereniging oorgedra word nie, maar in plaas daarvan sal dit na 'n instansië of organisasie oorgedra word wat kragtens Artikel 30B van die Inkomstebelastingwet geregistreer is vir gebruik op 'n wyse in ooreenstemming met die doelstellings van die Vereniging.
 - 3.10. Die Vereniging sal voortbestaan selfs wanneer sy ledetal verander en daar ander ampsdraers is.
4. Raad en Bestuur
 - 4.1. Die beheer oor die werksaamhede van die Vereniging berus by 'n Raad van tien lede, 'n Voorsitter, 'n Vise-voorsitter, 'n Tesourier en nog ses ander

lede, wat op elke derde Algemene Vergadering gekies word, beginnende met die Jaarlikse Algemene Vergadering vir 1992, en by die Direkteur van die Nasionale Biblioteek van Suid -Afrika, of sy/haar verteenwoordiger, as 'n ex-officio lid. Die Raad het die reg om te alle tye ses addisionele lede, wat bevoegde lede van die Vereniging is, te koöpteer.

- 4.2. Elke bevoegde lid, insluitend die genomineerde van 'n gekwalifiseerde institusionele lid soos per klousule 2.3, kan tot lid van die Raad verkies word, mits:
 - (a) hy/sy behoorlik deur twee ander bevoegde intekenaars skriftelik genomineer is, per klousule 2.4;
 - (b) hy/sy sodanige nominasie mondeling (indien aanwesig op die betreffende vergadering) of skriftelik (indien nie daar aanwesig is nie) aanvaar het.
- 4.3. Die Raad sal wanneer nodig, maar minstens twee keer per jaar, vergader om sake af te handel en vir sulke vergaderings word 'n kworum van vyf persone vereis. In die geval van 'n staking van stemme het die Voorsitter 'n beslissende stem. 'n Raadsvergadering kan óf in persoon óf as 'n virtuele vergadering gehou word, met behulp van die toepaslike tegnologie.
- 4.4. Deeglike notules van alle vergaderings moet gehou word en by die volgende vergadering goedgekeur word. Notules moet veilig gehou word en altyd byderhand wees vir lede om te raadpleeg.
- 4.5. Indien die Voorsitter of die Vise-voorsitter van die Raad nie die vergadering bywoon nie, sal die teenwoordige lede van die Raad kies wie die funksies van die afwesige persoon sal oorneem. Dit moet voor die aanvang van die vergadering gedoen word.
- 4.6. Die Voorsitter, of twee lede van die Raad, kan 'n spesiale Raadsvergadering byeenroep indien hulle wil, maar hulle moet die ander Raadslede van die datum van die voorgestelde vergadering laat weet nie minder nie as twee weke voor dit moet plaasvind. Hulle moet ook die ander lede van die Raad inlig watter kwessies by die vergadering bespreek sal word.
- 4.7. Die Raad sal die bevoegdhede hê wat nodig is om die sake van die Vereniging te administreer en hulle kan bevoegdhede en gesag aanneem wat hulle glo nodig is om die doelstellings van die Vereniging te bereik en:

- (a) kan fondse en geld belê en die finansiële sake van die Vereniging behartig deur 'n bankrekening in die Vereniging se naam oop te maak. Die finansiële jaar van die Vereniging eindig op 31 Desember van elke jaar;
 - (b) het die bevoegdheid en gesag om fondse in te samel of om bydraes te versoek en te ontvang;
 - (c) kan die bevoegdheid en gesag aanneem wat nodig geag word om die doelstellings van die Vereniging te bereik;
 - (d) kan besluite oor die bestuur van die Vereniging by gereelde Raadsvergaderings neem waar sodanige besluite verkieslik deur middel van 'n konsensus geneem sal word, maar alternatiewelik, in die geval van 'n dooie punt, sal die Voorsitter 'n beslissende stem hê;
 - (e) kan administratiewe/sekretariële personeel aanstel, hierna werknemers genoem. Vergoeding kan betaal word volgens klousule 5.6;
 - (f) sal die sake van die Vereniging op so 'n wyse behartig dat die voortbestaan van die Vereniging verseker word.
- 4.8. Indien nodig, en om vinnig op te tree, kan die Raad besluit om 'n Uitvoerende Komitee en een of meer onderkomitees saam te stel. Die Uitvoerende Komitee en enige onderkomitee moet uit ten minste drie persone bestaan. 'n Uitvoerende Komitee en enige onderkomitee moet te alle tye aan die Raad verslag doen. Notules van alle vergaderings moet veilig gehou word en altyd byderhand wees vir lede om te raadpleeg.
- 4.9. 'n Lid van die Raad sal outomaties gediskwalifiseer word indien hy/sy by meer as drie vergaderings afwesig is sonder toestemming van die Raad.
- 4.10. Lede van die Raad en sy werknemers of agente sal uit die fondse van die Vereniging gevrywaar word teen enige eis wat teen hulle ingestel kan word op grond van aksies wat uit hulle werksaamhede in belang van die Vereniging onderneem is.

5. Finansies

- 5.1. Die finansiële jaar van die Vereniging eindig op 31 Desember van elke jaar.
- 5.2. Die Finansiële Jaarstate van die Vereniging moet nie later as ses maande na die einde van die finansiële jaar voltooi word nie. 'n Rekenpligtige amptenaar kan deur die Raad, of 'n onderkomitee van die Raad, aangestel

word om die Tesourier by te staan met die voorbereiding van die finansiële jaarstate vir voorlegging aan die aangestelde ouditeur.

- 5.3. 'n Ouditeur sal by elke AJV van die Vereniging aangestel of heraangestel word en die geouditeerde finansiële state sal by die volgende AJV goedgekeur word.
- 5.4. Die Vereniging se geouditeerde finansiële state moet vir elke jaar goedgekeur en onderteken word deur die Voorsitter en die Tesourier, by die eerste AJV wat na die einde van die finansiële jaar gehou word. 'n Afskrif daarvan moet binne drie maande na die genoemde AJV aan die Direkteur van Niewinsgewende Organisasies oorhandig word.
- 5.5. Dit is die Tesourier se plig om die dag-tot-dag finansies van die Vereniging te administreer. Hy/sy sal reël dat alle fondse in 'n bankrekening in die Vereniging se naam geplaas word en hy/sy moet ook deeglik rekord hou van al die finansies.
- 5.6. Die Vereniging sal nie sy werknemers, ampsdraers, lede of ander persone buitensporig vergoed nie, met inagneming van wat redelik is met betrekking tot die diens wat so persoon aan die Vereniging gelewer het, en sal geen persoon ekonomies bevoordeel op 'n wyse wat nie in ooreenstemming is met sy doelstellings nie, verder sal geen lid of ampsdraer enige aanspraak op die eiendom of bates van die Vereniging hê nie.
- 5.7. Indien die Vereniging fondse het wat belê kan word, mag die fondse slegs by geregistreerde finansiële instellings belê word. Hierdie instellings is gelys in Artikel 1 van die Wet op Finansiële Instellings (Belegging van Fondse), 1984. Óf die Vereniging kan in finansiële sekuriteite wat op 'n gelisensieerde aandelebeurs genoteer is belê, soos uiteengesit in die Wet op Effektebeursbeheer, 1985.

6. Kennisgewings

Kennisgewings sal per e-pos aan die laaste bekende e-posadres van 'n lid gestuur word of alternatiewelik per SMS of WhatsApp of waar nie een van bogenoemde beskikbaar is nie, deur telefoniese kommunikasie.

7. Algemeen

Enige persoon wat werke vir die Vereniging voorberei of redigeer sal, indien hy of sy dit verlang, ses gratis eksemplare van die betrokke werk ontvang, óf hardekopieë óf e-boeke, en sal die reg hê om teen 'n afslag van 40 persent van

die aanbevole Suid-Afrikaanse kleinhandelsprys enige verdere eksemplare van die betrokke werk aan te koop vir sy/ haar persoonlike gebruik, nie vir herverkoop nie. Betalings vir sodanige aankope moet binne 30 dae vanaf die faktuurdatum geskied. Indien twee redakteurs betrokke is, sal die getal gratis eksemplare tien wees; indien meer as twee redakteurs, twaalf.

